

Voorwoord

'n Persoonlike woord vir jou

Dit is wonderlik om te sien hoe ons kinders deur die verskillende fases van hul lewe skuif. Hierdie boek is saamgestel vir kinders wat in 'n fase ingeskuif het waar feitelike kennis vir hulle baie belangrik word. Hulle sosialiseer graag, is kreatief en avontuurlustig, wil maats beïndruk met aangeleerde vaardighede en is besonder vatbaar vir portuurgroepdruk. Daarom gaan klas- en groepsprojekte sterk in hierdie kurrikulum figureer.

Hul liefde vir verhale en gedetailleerde Bybelkennis maak dit 'n ideale fase om die Bybel stelselmatig en chronologies deur te werk.

Oor God kom hulle nou in verwondering. Sy absolute gesag en sy heersersmag bring hulle in vervoering. Die tema van die boek is nie verniet *GOD IS KONING* nie. In hul chronologiese reis deur die verhale van die Bybel sal God se almag en heerskappy telkens op die voorgrond kom. Daar lê 'n hele nuwe ontdekkingswêreld voor.

Bybelteleskoop, 'n DVD met kaarte, prente, artikels, elektroniese Bybelteks, tydlyne en nog meer, kan by SENTIK aangekoop word. Dit is 'n handige hulpmiddel tot jou beskikking.

Geniet die reis saam met die kinders en laat hulle in jou eie verwondering oor God, iets van sy grootsheid by jou ontdek.

Ds Frikkie Viljoen
Hoofsamesteller

So werk die kategese

Die kategesereeks waarvan hierdie boek deel is, werk op die volgende basis: Daar bestaan drie fasegroepe van graad R tot by graad 10. Graad R tot graad 3 vorm die eerste fase, graad 4 tot graad 7 die tweede fase, en die laaste fase is graad 8 tot graad 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied.

- **Graadles**

'n Graadles is 'n les wat vir die kinders van daardie spesifieke graad geskryf is. Dit is 'n *gewone* les soos ons dit altyd geken het en word op die *gewone* manier aangebied. Die getal lesse wissel van twee tot drie per kwartaal. Waar daar net twee lesse is, is die derde een altyd 'n hersieningsles.

- **Gesinsles**

'n Gesinsles is ook vir kinders van 'n spesifieke graad geskryf, maar met die verskil dat die hele gesin die geleentheid bywoon. Dit word een keer per kwartaal aangebied. In die lig hiervan moet die ouers daaraan gewoon gemaak word om as deel van die nakoming van hul doopbelofte hierdie deel van die kategese saam met hul kinders deur te maak. 'n Gesinsles is altyd so saamgestel en word so aangebied dat die hele gesin daarby betrokke raak. Die fokus van hierdie lesse val op gesins- en ouer-kind-verhoudings. Die betrokkenheid van gesinne in die hele gemeenteopset word ook hier veronderstel. Omdat die ouers bewus moet wees wanneer hulle die lesse moet bywoon, moet kategete reeds aan die begin van die jaar datums

aan die ouers voorsien en die ouers moet hul sake so probeer reël dat hulle nie hul kinders in die skande steek deur weg te bly nie.

- **Faseles**

Faselesse word aan al die kinders van 'n spesifieke fase aangebied: graad R tot graad 3, of 4 tot 7, of 8 tot 10. Hier val die klem op gemeenskaplike sake wat relevant is vir kinders van daardie fase. Ter wille van die samehorigheidsgevoel en dissipline moet aldrie of alvier kategete teenwoordig wees wanneer die die les aangebied word.

- **Praktykles**

'n Praktykles het ten doel om ons geloofskennis te laat uitmond in fisiese geloofsdade in die praktyk, soos ons lees in Jakobus 2: 17: *So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.*

'n Slotwoord van my kant af: Mag jy vanjaar met jou betrokkenheid by kinders krag, insig, geloof en verantwoordelikheid van die Here ontvang. *In Christus se voetspore* sit jy deur die leiding van die Heilige Gees as't ware ook jou arms om kindertjies, lê hulle die hande op en seën hulle. So verkry jy 'n eervolle plek in die gemeente, groot sekerheid in jou geloof in Christus Jesus, en sal jy na hierdie lewe deel in die vreugde van jou Here.

Seën vir hierdie jaar!

Dr Hannes Beukes
Hoofredakteur